3. SAAK TER BESPREKING

3.1. Die kerkraad se aanbeveling rondom eredienste en ander gemeente byeenkomste na aanleiding van die nuwe covid regulasies.

Kerkraadslede kry geleentheid om die saak te bespreek en die volgende aanbeveling word geformuleer en as besluit aanvaar:

BESLUIT.
Dat die Kerkraad kennis neem daarvan dat eredienste onder die nuwe vlak 3 regulasies kan voortgaan.
Dat die eredienste beperk word tot 50 persone binneshuis en 100 persone buitenshuis.
Dat eredienste nie nou gehou word nie a.g.v die omvang van covid in ons gemeenskap en gemeente.
Dat eredienste weer in aanvang neem as die beperkings gelig word na 100 persone of die helfte van die kerkgebou se kapasiteit.
Dat Bybelstudiegroepe nog nie byeenkom nie.
Dat Kategese nog nie byeenkom nie
Dat bedieningsvergaderings slegs vir sake van uiterste belang byeenkom, met in agneming van covid protocol
Dat voortgegaan word om eredienste digitaal op te neem en op facebook, webblad en whatts app geplaas word.
Dat voortgegaan word met dagstukkies aan gemeentelede
Dat begrafnisse plaasvind met dien verstande dat nie meer as 50 persone dit bywoon nie.
Dat die situasie weer by die kerkraadsvergadering van 30 Augustus evalueer word vir verdure optrede